

OU BELOFTES IN NUWE VERPAKKING VERKOOP NIE

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

In sy staatsrede van 2017 haal President Zuma uit 'n ou toespraak van Oliver Tambo aan: *“It is inconceivable for liberation to have meaning without a return of the wealth of the country to the people as a whole.”* Zuma voeg dan self by: *“Twenty-two years into our freedom and democracy, the majority of black people are still economically disempowered. They are dissatisfied with the economic gains from liberation.”* Dan definieer hy sy voorgestelde radikale sosio-ekonomiese transformasie as: *“...fundamental change in the structure, systems, institutions and patterns of ownership, management and control of the economy in favour of all South Africans, especially the poor, the majority of whom are African ...”*

Die volgende vrae ontstaan nou uit Zuma se opmerkings:

- Watse ekonomiese voorspoed het swart Suid-Afrikaners voorheen gehad wat onregmatig deur apartheid/kolonialisasie van hulle af weggevat is en wat nou aan hulle teruggegee moet word?
- Wat is die kansen dat President Zuma se radikale sosio-ekonomiese transformasie wel ekonomiese voorspoed vir arm swart Suid-Afrikaners gaan meebring?


Die paaie skei

Die mensdom het volgens oorweldigende aanduidings in Afrika ontstaan. Ongeveer 60 000 jaar gelede het klimaatsveranderings groepe mense na Suid-Asië laat migreer. Nog 'n groep het bykans 50 000 jaar gelede na die Midde-Ooste en Sentraal-Asië getrek. Vanaf basiskampe op die nuwe kontinent het hulle geleidelik ook Noord-Asië en Europa begin koloniseer.

Argeologiese bewyse het bevestig dat hierdie groepe mense kundig genoeg was om by die veranderde omstandighede van hulle nuwe omgewings te kon aanpas. Hulle het fyn waarnemers van die natuur se patrone, siklusse en skielike veranderings geword. Hulle het gevolglik wetenskaplike kennis op verskeie vakgebiede begin opbou en kon later met gemak oor diverse geografiese areas trek en hulle in nuwe gebiede vestig.

Met hierdie nuutverworwe kennis het hulle navigasievaardighede ontwikkel, gereedskap vervaardig, diere makgemaak en plante gekultiveer. Daar het ook 'n behoefte ontstaan om hierdie kennis en produkte deur middel van sosiale interaksie met ander groepe te deel wat aanleiding tot die ontstaan van handelsnetwerke gegee het. Daaruit het weer kommunikasievaardighede ontwikkel waaruit daar mettertyd ook 'n geskrewe taal en 'n rekordhoudingstelsel ontstaan het. Die voortdurende toename in onderlinge handelsaktiwiteite het florerende ekonomiese stelsels tot stand gebring en dié welvaart het ekonomiese voorspoed en 'n verbetering in lewenskwaliteit vir die Europese en Asiese kolonies geskep.

Intussen, terug in sub-Sahara Afrika, het daar kommunale gemeenskappe tot stand gekom wat op die beginsel van egalitarisme geskoei was. Dit het daarop berus dat alle mense binne 'n geslote kommune in alle aspekte van die politiek, sosiale lewe en ekonomiese aktiwiteite gelyk was. Die kommunale



ekonomieë het een gemeenskaplike kenmerk gehad het naamlik dat die grond deur  n stam besit was vir die gebruik van die groep as  n geheel en geen individu binne hierdie stam is die gebruik daarvan ontsê nie. Die beskerming van water- en voedselbronne was by verre die dominante bestaansrede van hierdie samelewings gewees. Dit het dus om  oorlewing  en nie oor  ontwikkeling  gegaan nie wat onderlinge lojaliteit aan die kommune vereis het terwyl dit terselfdertyd gelyke geleenthede vir individue gewaarborg het.

Die stamgebondenheid binne  n kommune het nie interaksie, en gevolglik vrye handelsaktiwiteite, met ander stamme genoodsaak of aangemoedig nie. Saam met die gebiedsgebondenheid het dit ook nie die ontstaan van  n  wetenskap , gereedskap en toerusting, navigasievermoens en kommunikasievaardighede tot dieselfde mate laat ontwikkel as wat die geval met die migrerende gemeenskappe in Europa en Asie was nie.

Die stagnerende aard van kommunalisme het ook nie nuwe kollektiewe ekonomiese voorspoed geskep nie en soos die bevolkings binne die kommunes toegeneem het, het die *per capita* welvaart dus net al kleiner geword. Oor die bestek van 50 000 het die kommunale ekonomieë, in terme van ekonomiese voorspoed, dus baie ver agter di  van die Europese en Asiese gemeenskappe geraak.

Die paai  kom weer bymekaar

Toe Jan van Riebeeck  n handelstasie in die Kaap begin het, het Suidelike Afrika, as halfweghuis, onvermydelik tot die moderne w reld-ekonomie van Europa en Asi  toegetree. Die streek se mate van deelname is drasties versnel toe diamante in die Noord-Kaap en later goud in huidige Johannesburg ontdek is. Daardeur is daar oornag  n omvangryke mark vir arbeid en landbouprodukte geskep. Hierdie snelgroeie handelsentrums het nie alleen oorsese blanke immigrante gelok nie maar ook plaaslike swart migrante en die kommunale samelewings kon eenvoudig nie hierdie multi kulturele bevolking akkomodeer nie. Individue het hulle eie identiteite begin ontwikkel wat op hulle eie persoonlike belange en nie langer di  van die kommunale samelewing nie, geskoei was. Die kohesie van die kommunale ekonomieë het dus geleidelik op grond van kulturele verskille binne die stelsels begin verbrokkel.

Plaaslike stamme het vrywillig aan die nuwe ekonomiese stelsel begin deelneem en wildsvleis, lewende hawe, vuurmaakhout en landbouprodukte aan die handelsentrums verskaf. Aanvanklik het hulle met sukses die nuwe geleenthede benut maar die kommunale ekonomieë kon baie gou nie meer bybly met die

voortdurende styging in die vraag na hulle produkte nie. Grond is in die proses onvermydelik hervorm van 'n medium wat arbeid en sekuriteit aan die groep kon verskaf na 'n instrument wat grootskaalse surplusse aan die markte moes voorsien.

Die ekonomiese realiteit hieraan verbonde is egter dat sodra daar van grond verwag word om 'n surplus te produseer, grond noodwendig self ook 'n verhandelbare item met 'n waarde van sy eie word. Die kommunale samelewings het dus mettertyd groot dele van hulle gronde verkoop of verruil en tesame met die kulturele oorsake, het ekonomiese kragte eenvoudig die losstaande kommunale bestaans-ekonomieë met 'n enkele markgerigte produserende ekonomie vervang.

Terugkeer na voorspoed

President Zuma is nie spesifiek as hy aanvoer dat die welvaart van Suid-Afrika aan die omenseë terugbesorg moet word nie. Op 'n Afrika-simposium in 1967 huldig een van die sprekers, Kwame Nkrumah egter die volgende siening: *“Colonialism deserves to be blamed for many evils in Africa, but surely it was not preceded by an African Golden Age or paradise. A return to the pre-colonial African society is evidently not worthy of the ingenuity and efforts of our people.”*

Die *Africa Economic Development Institute* voer in *“Africa: Communalism, Barriers and Economics”* aan dat kommunalisme dikwels deur Afrikaleiers geprys word maar dat dit in werklikheid een van die grootste redes vir die kontinent se ekonomiese mislukkings is. Volgens dié verslag bots kommunalisme met die mobilisering van arbeid en kapitaal. Beide is uiters noodsaaklike komponente van produksie en is gevolglik die grootste bydraers tot ekonomiese groei, mits dit nie ingeperk word nie.

Die Londense *Legatum Instituut* is die afgelope tien jaar besig om die ekonomiese voorspoed van 149 nasies te monitor. Hul *Prosperity Index* evalueer langtermyn veranderinge in hierdie lande se ekonomiese voorspoed, toon die redes vir vooruitgang aan en lig daardie lande uit wat die meeste vooruitgang maak om hul ekonomiese groei in voorspoed vir al die burgers te omskep. Dit definieer ekonomiese voorspoed as die geleentheid wat elke persoon het om sy potensiaal te ontdek en te ontwikkel sodat hy/sy die beste kan word in wat hy/sy doen om sodoende ander mense te kan help sodat hulle die beste kan word in wat hulle doen. Die 149 deelnemende lande se ekonomiese voorspoed word gevolglik nie net aan een enkele maatstaf gemeet nie maar wel aan verskeie subindekse:

Ekonomiese kwaliteit: Meet die vryheid van ekonomiese aktiwiteite, ekonomiese groei, ekonomiese geleenthede en die finansiële sektor se effektiwiteit;

Besigheidsomgewing: Meet die geleenthede vir entrepreneurskap, besigheidsinfrastruktuur, geleenthede vir innovasies en die buigbaarheid van die arbeidsmark;

Regering: Meet die effektiwiteit van regeringsvlakke, kiesers se demokratiese vermoë om aan politieke prosesse deel te neem en die effektiwiteit van wetstoepassing;

Onderwys: Meet die toegang tot onderwys, kwaliteit van onderwys en die standaard van opleiding;

Gesondheidsdienste: Meet die basiese gesondheidsorg, beskikbaarheid van fasiliteite en die vlakke van voorkomende gesondheidsorg;

Veiligheid en sekuriteit: Meet die nasionale sekuriteit en persoonlike veiligheid van die burgers;

Persoonlike vryheid: Meet die basiese menseregte, individuele vryheid en die onderlinge sosiale verdraagsaamheid;

Sosiale kapitaal: Meet die vlakke van persoonlike verhoudings, sosiale ondersteuning, sosiale normes en burgerlike deelname;

Natuurlike omgewing: Meet die kwaliteit van die natuurlike omgewing, negatiewe impakte op die omgewing en die bewaringspogings.

Volgens die *Legatum Institute* se verslag van 2016, is Suid-Afrika 48ste op die algemene indeks. Nieu Seeland is tans eerste. Met betrekking tot die subindekse verskyn Suid-Afrika se posisies in die tabel:

TABEL: SUBINDEKSE VAN EKONOMIESE VOORSPOED

Ekonomiese kwaliteit	111
Besigheidsomgewing	37
Regering	33
Onderwys	70
Gesondheidsdienste	126
Veiligheid en sekuriteit	115
Persoonlike vryheid	24
Sosiale kapitaal	37
Natuurlike omgewing	45
ALGEHEEL	48

Bron: Legatum Institute Prosperity Index, 2016

Suid-Afrika se grootste tekortkoming lê tans by sy ekonomiese groei van minder as 1% wat binne die raamwerk van abnormale vlakke van korrupsie en aantygings van staatskaping plaasvind. Voeg daarby die 5.8 miljoen werklose mense en die 17.1 miljoen mense wat sosiale toelaes ontvang, dan behoort President Zuma veel meer te fokus op 'n grootskaalse uitbreiding van die ekonomie wat ten minste 6 miljoen nuwe werkseleenthede kan skep eerder as om persoonlike bates van die 4.5 miljoen sogenaamde ōwit monopolistiese bevolkingō in 'n radikale eenjaarspoging aan ōarmō kommunale gemeenskappe ōterug te besorgō.

Verandering

In 'n artikel: *“Zuma’s speech: the story of a country that’s fallen for the ‘politics of the belly’”* sê Prince Mashele, Senior Navorsers by die Sentrum vir Regeringsinnovasie, Universiteit van Pretoria, dat dit baie moeilik is om te bepaal wat President Zuma se agtereenvolgende staatsredes behels het omdat dit geen identifiseerbare missie bevat nie. Hy is van mening dat die staatsrede van 2017 gevolglik ook geen hoop aan Suid-Afrikaners bied nie. Volgens Mashele swyg die president oor die ware ekonomiese feite en som hy die staatsrede so op: *“While South Africans are not hearing the phrase ‘radical socio-economic transformation’ for the first time, the suddenness of its promises gives them a window into the head of a president who harbours a fundamental disrespect for the intelligence of the people he leads. He seems to take South Africans for a bunch of gullible ignoramuses who swallow every lie that drops from above. Platitudes about the need to redistribute land to black people, or for blacks to have a fair share of the economy, have peppered almost every state of the nation address since Zuma took over. But for some weird reason he, although left with only two years in office, expects South Africans to believe that his rosy promises will fall on black people like a big-bang bolt from the blue sky.”*

Soos wat Mashele in die geval van President Zuma uitwys, is politici se beloftes meestal hol terwyl ekonomiese voorspoed tog die kritiese aspek van enige regering behoort te wees. Leë onuitvoerbare populistiese beloftes van radikale sosio-ekonomiese transformasie, wat in een jaar bykans 50 000 jaar se agterstand moet uitwis, gaan beslis nie langdurige ekonomiese voorspoed vir die vernamearm mense, "the majority of whom are African ...", bring nie. Om Einstein aan te haal: "Let's not pretend that things will change if we keep on doing the same things. Whoever blames his failure on a crisis neglects his own talent, and is more respectful to problems than to solutions. Incompetence is the true crisis. The greatest problem with people and nations is the laziness with which they attempt to find the solutions to their problems."

Bronne:

<https://genographic.nationalgeographic.com/human-journey/>

Ancient Trade and Civilization. Gregory S. Chora, July 9, 2009.

African Socialism Revisited. Kwame Nkrumah, 1967.

Africa: Communalism, Barriers and Economics. Africa Economic Development Institute.

How Writing Changed the World. Heather Whipps, February 10, 2008.

Tribesman, Trader, Peasant and Proletarian. Peter Kallaway, 1978.

Statistiek Suid-Afrika

BETHLEHEM

Februarie 2017